UV-spesialiste maak geskiedenis

Volksblad 30/03/2012 p. 4

Jana van der Merwe

TWEE akademici verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) se fakulteit gesondheidswetenskappe het mediese geskiedenis in Afrika gemaak met die inplanting van 'n spesiale pulmonêre hartklep (longklep) op 'n Oos-Vrystaatse tienerseun.

Prof. Stephen Brown en dr. Danie Buys van die UV se departement pediatrie en kindergesondheid het eergister in die Universitas-hospitaal die eerste Melody-klep van Medtronic in 'n 17-jarige pasiënt van Witsieshoek, Oos-Vrystaat, geplaas.

Tot op hede is slegs sowat 3 000 van dié kleppe in pasiënte oor die wêreld heen geplaas. Meer van dié operasies sal voortaan in Bloemfontein gedoen kan word.

Brown het gister gesê dit is 'n fantastiese gevoel.

"Ons is ongelooflik trots dat dié operasies voortaan in Bloemfontein gedoen kan word en talle jong lewens sodoende gered kan word."

Plaaslike akademici maak mediese geskiedenis in Afrika. Dr. Danie Buys (links) en prof. Stephen Brown, albei verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) se fakulteit gesondheidswetenskappe, het vandeesweek in die Universitas-hospitaal mediese geskiedenis in Afrika gemaak toe hulle 'n spesiale pulmonêre hartklep (longklep) in 'n Oos-Vrystaatse tiener ingeplant het. Foto: CHARL DEVENISH

Die voordeel van dié klep is dat dit deur 'n klein snit in die vel, deur middel van 'n kateter in die lies, ingeplant word.

Die operasie word hoofsaaklik op kinders en jong mense uitgevoer wat met 'n defekte pulmonêre klep gebore is. Hierdie kinders ondergaan gewoonlik 'n hartoperasie op 'n baie jong ouderdom, maar sou voorheen verskeie bykomende ope-hart-operasies moes ondergaan om die bloedtoevoer tussen die hart en die longe in 'n later stadium weer te herstel.

Brown sê 'n groot probleem is dat talle Suid-Afrikaanse pasgebore babas, veral in landelike gebiede, se hartkwale by geboorte ongediagnoseerd bly. Tussen vyf en sewe uit 1 000 babas word jaarliks geraak.

Hy sê die Vrystaatse gesondheidsdepartement is bewus van dié probleem. Die enigste oplossing is dat alle babas by geboorte vir hartkwale ondersoek moet word.

Brown het verlede jaar saam met nog twee kardioloë van die UV, prof. Hennie Theron en dr. JP Theron, ook 'n mediese mylpaal bereik toe hulle die eerste medici in Suid-Afrika was wat 'n tweede generasie Medtronic CoreValve-inplanting op 'n bejaarde pasiënt gedoen het.

Health time bomb fears for Brandfort

Free State Times 30/03/2012 - 05/04/2012 p.3

Bongani Fuzile
Brandfort

AN acute water crisis in Brandfort has seen two of the town's busiest public health institutions operating without running water for the past six months, putting the health of both patients and staff at great risk.

Authorities at Vaalrock and Marantha clinics have been forced to drastically reduce operating hours at the two institutions, in a desperate bid to try to lower the chances of disease outbreaks.

Vaalrock Clinic in Nomzamo township normally opens its doors to patients for 12 hours a day, while the bigger Marantha Clinic is usually open around the clock.

But both clinics now close their doors to patients after about seven hours, accepting only emergency cases and pregnant women after that — a great inconvenience to thousands of people from the area who rely on the clinics for health services.

When the *Free State Times* visited the town this week, several residents told of sick relatives being told they could not be attended to because there was no water in the wards.

"People have been turned away because nurses can't operate without water in the hospital," said one local resident, Teboho Maboe. He added, "But we can't blame the clinics, but the municipality for poor water supply."

Staff at the clinics described the situation as critical but would not be drawn to discuss the matter further, referring questions to the provincial department of health that runs the institutions.

Department spokesperson Elke de Witt said the water crisis was beyond its control because providing water at the clinics was the responsibility of the Masilonyana Municipality.

"The problem is not with the health department but with the municipality," said De Witt.

Municipal spokesperson Zongezile Njwabule could not be reached on his mobile phone for comment on the matter.

Opposition Democratic Alliance party legislator Patricia Kopane, who recently visited the area, described the situation as dire and a gross violation of the health and human rights of Brandfort residents.

"That municipality cannot ensure reliable water supply to the clinics, and that has left the staff there not able to deliver health services. This has to do with poor municipality management," said Kopane.

She said Free State Premier Ace Magashule promised in his state of the province address that his administration would continue the process of "re-engineering" primary health care in all the districts and municipalities, but this was not happening.

Kopane said: "He (Magashule) said that there are plans this financial year (to) expand primary health care services, but the state of our municipalities is not up to standard."

Nuwe sentrum op pad om siektes na te vors

Volksblad 30/03/2012 p.14

Elsabé Brits

KAAPSTAD. – Die Rooi Kruiskinderhospitaal gaan 'n nuwe sentrum van R30 miljoen bou om dodelike aansteeklike siektes te behandel en na te vors.

Die aankondiging is gister by die hospitaal gedoen deur me. Louise Driver, hoof van die Kinderhospitaaltrust, wat al die geld vir die nuwe Sentrum vir Aansteeklike Siektes in Kinders ingesamel het.

Bouwerk aan die tweeverdiepinggebou, wat 'n dagkliniek en 'n navorsingsverdieping insluit, begin in Augustus. Sy het gesê die projek sal 20 maande duur.

Dettol Suid-Afrika het gister R1 miljoen aan die trust oorhandig en die Universiteit van Kaapstad se kliniese navorsingseenheid dra R5 miljoen by vir die navorsing.

Prof. Shaheen Methar, hoof van die eenheid vir infeksievoorkoming en -beheer aan die Universiteit van Stellenbosch, het op die geleentheid gesê 80% van alle infeksies word tuis opgedoen, hoofsaaklik weens swak higiëne en die feit dat mense "te gesofistikeerd geraak het om hulle kinders te laat inent".

"Dit is gemakstoel-liberaliste se weiering om kinders te laat inent wat daartoe gelei het dat ons 'n uitbreking van masels gehad het. 'n Mens kan nie infeksiebeheer hê sonder inenting nie."

Dit het ook in Nigerië gebeur waar mense weens godsdienstige redes teen inenting besluit het.

"Mense het ook 'n vrees vir 'kieme', maar alle bakterieë moenie doodgemaak word nie. Dit het gelei tot weerstand teen antibiotika. Daar is bewyse dat ons die weerstand wat tuberkulose teen sekere antibiotika opgebou het, kon voorkom het deur beter higiëne-beheer," het Methar gesê.

Sy het bygevoeg om 'n mens se hande behoorlik en gereeld te was, moet nog deel word van die algemene kultuur. Soveel as 80% van alle bakterieë word só oorgedra.

Ouers leer nie hul kinders om reg hande te was en ook nie wanneer nie. Soos ná skool, nadat hulle gespeel het, voordat hulle eet en kos hanteer, ná 'n besoek aan openbare plekke en altyd ná 'n toiletbesoek, hoes, nies en neusblaas.